

# Kanola oplossing

*Kanola vorm 'n belangrike deel van 'n produsent se wisselbouprogram en die volhoubare produksie van gewasse in die Wes-Kaap. Swartstam (*Leptosphaeria maculans/Phoma lingam*) en *Sclerotinia*-stamvrot is twee swamsiektes wat tot groot opbrengsverliese in kanola kan lei.*



## Swartstam

- // Die swam oorleef meestal in stoppel.
- // Versprei deur spore wat deur die reën of wind oorgedra word asook deur besmette saad.
- // Kultivars verskil in terme van verdraagsaamheid teen die siekte.
- // Verorsaak stam- en blaarlletsels.
- // Stamletsels veroorsaak verrotting van die stam net bokant die grondoppervlakte.
- // Gevorderde infeksie kan veroorsaak dat die plant omval.
- // Wisselbou en weerstandbiedende kultivars vorm 'n belangrike deel van 'n beheerstrategie.

## Sclerotinia-stamvrot

- // Die swam oorleef as sclerotia, in die grond of in stoppel.
- // Sclerotia ontkiem om apothecia te vorm (klein "golf tee"-vormige sampioene).
- // Na reën neem dit 10 tot 12 dae om askospore vry te stel (temp. 11 tot 15°C).
- // Wind versprei die spore, maar askospore kan nie die plant direk infekteer nie.
- // Dooie materiaal soos blomblaartjies word benodig om die siklus te voltooi.
- // Dooie (ontbindende) blomblare gee askospore die nodige energie om swamdrade te vorm, wat op hulle beurt oksaalsuur vrystel, wat benodig word vir die swam om die plantmateriaal binne te dring en te infekteer.
- // Wanneer binne die plant, groei die swam op- en afwaarts in die stam, sodoende word die beweging van voedingstowwe en water afgesny en die plant gaan dood.



## Wat is Aviator® Xpro™?


Aviator® Xpro™ is die kombinasie van twee aktiewe bestandele, **Biksafen** (SDHI) en **Prothiokonasool** wat lei tot langdurige siektebeheer met die voordeel van opbrengsverhoging as gevolg van die unieke verspreiding deur die kleingraanblaarweefsel weens die Xpro™-tegnologie.




# Wat bied **Aviator® Xpro™** alles?

- // Antiweerstandstrategie vir kleingraan produsente.
- // Opbrengsverhoging deur goeie siektebeheer en positiewe impak op die plant se fisiologie.
- // Ongeëwenaarde siektebeheer.
- // Spesiaal ontwerp vir uitstekende antiweerstandstrategie.

## Kanola: Swartstam-infeksieproef



## Kanola: % Beheer (ABBOTT) van *Sclerotinia sclerotiorum* na een bespuiting – Gemiddelde van 7 proewe (2018-2021)



## Wanneer spuit ek **Aviator® Xpro™** vir swartstam?

- // Wanneer die plant 4-tot-6-blaarstadium bereik.
- // Die rede vir die vroeë bespuiting is omdat infeksie reeds vroeg kan plaasvind.
- // Die laaste tyd vir bespuiting is rosetstadium (*greenbud stage*).
- // Dosis: 700 ml/ha

## Wanneer spuit ek **Aviator® Xpro™** vir sclerotinia-stamvrot?

- // Tyd van toediening sal afhang van klimaatstoestand wat verskil van jaar tot jaar.
- // Optimum tyd van beheer: 20 - 30% blom 'n 10% verandering in blompersentasie duur slegs 3 - 4 dae.
- // Dosis: 700 ml/ha

Aviator® Xpro™ Reg. Nr. L10089. (Wet 36 van 1947). Bevat Biksafen en Prothiokonasool. Waarskuwing.  
Aviator® Xpro™ is 'n geregistreerde handelsmerk van **Bayer AG**, Duitsland. Gebruik slegs volgens etiketaanwysings.

🏠 🌐 📷 🐦 📺 | @Bayer4Crops

Facebook: Bayer Crop Science Division Southern Africa

Bayer (Edms) Bpk. Reg. Nr. 1968/011192/07 Wrenchweg 27, Isando, 1601.  
Posbus 143, Isando, 1600 Tel: +27 11 921 5002

[www.cropscience.bayer.co.za](http://www.cropscience.bayer.co.za)  
[www.bayer.co.za](http://www.bayer.co.za)

